# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (29/11)

Justin Chadwick (29 Julie 2011)

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "Irrigation of the land with seawater desalinated by fusion power is ancient. It's called "rain"" Michael McClary*

## GLOBALE SITRUS-TELEFOONKONFERENSIE: 27 JULIE 2011

Die terme **PROBLEMATIES** en **MOEILIK** is dikwels gedurende die globale sitrus-telefoonkonferensie op Woensdag gebruik. Afgevaardigdes van Suid-Afrika, Chile, België, Spanje, Argentinië, Italië, Australië, Uruguay en Duitsland het aan die globale situs-telefoonkonferensie deelgeneem; met geskrewe insette van Turkye en Cyprus. Produksie-probleme in 2011 is nie tot Suid-Afrika beperk nie – **Argentinië** is waarskynlik die hardste getref deur die ergste ryp in vyf jaar. As gevolg hiervan het die finale uitvoersyfers van suurlemoene vanaf 260 000 ton na 220 000 ton verminder (met miskien nog verdere afnames – 'n syfer van 200 000 is tydens die vergadering genoem). Uitvoere van sagte sitrus is vir twee weke gestaak; met 'n afname van 5% in uitvoervolume; uitvoere van lemoene is met 40% af weens 'n afname in aanvraag in Europa en Rusland (die belangrikste markte). **Uruguay** se skatting het reeds 'n afname in die gesig gestaar weens droogte en hoë somertemperature; dit is verder verlaag weens ryp in die noorde en swak markte – sagte sitrus met 15 tot 20%; suurlemoene met 10 tot 15% en lemoene het ook af gekom. In **Australië** was die weer meer gunstig en 'n verhoging van 5 tot 10% word vir sagte sitrus voorspel, lemoene op met 25 tot 30%, maar swak marktoestande en 'n sterk wisselkoers kan veroorsaak dat alles nie geoes gaan word nie.

'n Ander algemene bekommernis in die suidelike halfrond **is die verswakking van die dollar en Euro**; die Australiese $ is die ergste getref – dit was 32% sterker in Junie 2011 vergeleke met Junie 2010. Suid-Amerikaanse en Suid-Afrikaanse geldeenhede het met tussen 15 en 17% versterk. Tesame hiermee ondervind lande in die suidelike halfrond 'n **toename in energie, brandstof en arbeidskostes** en as gevolg hiervan moet 'n karton vrugte vanaf die suidelike halfrond 'n prys van 20 tot 50% hoër as in 2010 behaal (in Euro of US$ terme) om NET op dieselfde vlak te wees.

Verslae uit die **markte** kon nie die gemoedere lig nie. 'n Groot oorvloei van die noordelike halfrond in die markte het beteken dat pryse in al die markte vir alle vrugte (nie net sitrus nie) onderdruk gebly het. **Spaanse** suurlemoenuitvoere in 2010/11 was 420 000 ton (2010; 351 000); Spaanse lemoenuitvoere was 1 440 000 ton (2010; 1 260 000 ton) en Spaanse sagte sitrus uitvoere was 1 611 000 ton (2010; 1 363 000 ton). Dit het saamgeval met **Turkse** suurlemoenuitvoere wat 10% hoër as in 2010 was; Turkse sagte sitrus uitvoere was 38% hoër as in 2010 en Turkse lemoenuitvoere 63% hoër as in 2010. **Te veel vrugte in 'n swak mark.**

Daar is 'n moontlikheid dat die laer Argentynse suurlemoenuitvoere die pryse van **suurlemoene** sal bevoordeel vir diegene wat nog produk beskikbaar het, sommige van die sprekers het gerapporteer dat daar reeds 'n verbetering van pryse is.

Die **Russiese** mark is gerapporteer om onstabiel vir alle sitrus vir die volgende paar weke te wees. .

**Pomelo's** het onder die hamer by die vergadering gekom: die meeste sprekers het aangedui dat aanvraag verder verswak het en dat hul nie veel van 'n toekoms vir die kategorie sien nie. Argentinië het aangekondig dat hul uitvoere slegs 9 000 ton was wat binne twee jaar nul kan wees (as verdienstes nie verbeter nie).

Die tabel hieronder toon die totale uitvoere van die suidelike halfrond na alle markte vir die 2011 seisoen. Gewoonlik beteken minder voorraad (soos in die geval van lemoene en sagte sitrus) beter pryse; maar wanneer dit gekoppel word met swak aanvraag dan heers daar moeilike marktoestande. Dit word aanbeveel dat uitvoerders realistiese pryse teiken en spekulasie vermy: maak seker dat die vrugte 'n plek teen 'n redelike prys het ; kyk mooi na versapping en plaaslike markopsies.

| up to week 28 -all destination in '000T | 2011 | 2010 | 2009 | Var 11/10 |
|---|---|---|---|---|
| Oranges | 361 | 420 | 367 | -16% |
| Lemons | 252 | 251 | 236 | 0% |
| Soft Citrus | 238 | 254 | 219 | -7% |
| Grapefruit | 207 | 153 | 185 | 26% |
| **Total** | **1.058** | **1.078** | **1.007** | **-2%** |

Alhoewel die vergadering nie op die noordelike halfrond se 2011/12 seisoen gefokus het nie – het Spanje syfers voorsien – met afnames wat vir Satsumas (af 15 tot 20%); Clementines (af 10%); Navelina (af 20 tot 30%); Navelates (af 5 tot 10%) en Valencia (af 10 tot 15%) voorspel word.

**VOLLEDIGE NOTULE VAN DIE VERGADERING SAL DEUR DIE SEKRETARIAAT VAN SHAFFE VERSPREI WORD; SAL OP DIE CGA WEBTUISTE WEES EN IS DIREK VAN justchad@iafrica.com BESKIKBAAR.**

## CGA ALGEMENE JAARVERGADERING

**30 Augustus 2011**; 18:00 by die Beach Hotel, Summerstrand, Port Elizabeth – Produsente wat graag 'n kopie van CGA se Finansiële Jaarverslae wil hê, kontak asseblief vir gloria@cga.co.za of dit is op die webtuiste (www.cga.co.za) beskikbaar (vanaf 5/8/2011).

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

| Tot Week 29<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 12.8 m | 11.5 m | 15 m | 11.6 m | 14.8 m | 14.7m | 15.3 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 5.8 m | 6.4 m | 5.9 m | 5.7 m | 5.7 m | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 6.6 m | 8.2 m | 8.6 m | 6.7 m | 7.2 m | 9.8m | 9.3 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels * | 16.9 m | 20.4 m | 17.9 m | LE | MOENE | 19.4m | 19.2 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias* | 10 m | 12.1 m | 10.1 m | 25 m | 24.3 m | 42.9m | 43 m | 46.5m | 45.9m |
| | 52.1 m | 58.6 m | 57.5 m | 48.9 m | 52 m | 94.7m | 93.9 m | 99m | 97.2m |

*** Neem asseblief kennis dat 2011 se syfers van lemoene wat verskeep is, vir ALLE lemoene is – PPECB kan nie betroubare syfers van wat verskeep is, verskaf nie.**

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**